

# KUBERKAMMA

ONS IS GOD SE FONTEIN VAN LIEFDE



Lukas 12 vers 22-23; 29 "Verder het Jesus vir sy dissipels gesê: "Daarom sê Ek vir julle: Moet julle nie bekommer oor julle lewe, oor wat julle moet eet nie, of oor julle liggaam, oor wat julle moet aantrek nie. Die lewe is tog belangriker as kos en die liggaam as klere. Julle moet julle ook nie gedurig afvra wat julle gaan eet of drink nie, en julle moenie besorg wees nie."

## **Kortpad** Moedersdag Deurdankoffer vir Huis Louisa Myburgh

12 Mei 08h30 Eietydse diens Kleuterkerk  
12 Mei 09h45 Kategese  
12 Mei 10h00 Klassieke diens

## **Nog belangrike datums**

**Kommunikamma 12 Mei 2019**

## **Saam op pad vir Christus**

**Preke:** Die preke van die oggenddienste word opgeneem en kan by die kerkkantoor bestel word teen R10 per CD. Preke word vir 3 maande gehou.

## **Sake vir gebed**

Ons bid vandag spesiaal vir almal wat betrokke is by

Lees asseblief biddend die name van die persone wat ons voorbidding dringend nodig het.

## **Padlans** : Om te besnoei is 'n daad van geloof

Om jou los te maak van 'n oorfloed materiële besittings en 'n eenvoudiger leefstyl te kies, is nie bloot 'n finansiële besluit nie. Dis 'n geestelike besluit wat jou in 'n totaal ander verhouding met jou medemens en die omgewing plaas. As dit vir jou moeilik is om eensklaps van alles afstand te doen, groei daarin deur tevredenheid aan te kweek. As jy besluit om 'n eenvoudiger leefwyse te kies, doen dit uit sensitiwiteit teenoor jou naaste en toewyding aan God, nie uit skuldgevoelens of om jouself te vrede te stel nie. Om te besnoei is 'n daad van geloof

## **Padkos** Geestelike beserings is nie die hoofstorie van jou lewe nie, Jesus is

Wanneer rugbyspelers 'n bloedbesering opdoen tydens 'n wedstryd dan moet hulle die veld verlaat. Hulle moet eers klaar bloei voordat hulle weer kan terugkeer na die speelveld toe. Lyk my dit gebeur met baie gelowiges ook... en met myself! Ons tel allerlei beserings op aan diens. Ons is kwaad vir hierdie gelowige of vir daardie kerkleier. Of sommer vir 'die kerk.' Dan is ons 'diep' seergemaak. Of 'verwond.' Dan kan ons nie speel in die Here se span terwyl ons langs die veld sit en bloei nie. Dieselfde gebeur by ons werk of in

ons families. Kom ons sê dit padlangs vir mekaar: Ons almal was al iewers langs die pad die slagoffers van goor gebeure en van moeilike mense. Soms kry ons sulke seerkry net nie uit ons gestel nie. Dit lei daartoe dat ons selfs 'n ongeneeslike 'geestelike besering aan diens' opgedoen het, wat ons heeltemal uit spel haal daar waar dit saak maak. Hoor hier, sulke wonde is nie veronderstel om die storie van ons lewe te wees nie. Ons vertel nie van vroeg tot laat vir almal hoe seer almal ons gemaak het nie. Om lewenslank aan seerkry vas te klou, is om net so lank ook die gevangene hiervan te wees. Dit verander ons in die hoofslagoffers van al wat 'n slegte storie is van ons lewe. Iewers moet ons ons seerkry-boeke toemaak. Ons is nie verwonde mense nie, maar mense op die pad van herstel. Ons hoofstorie is dat Jesus ons raakgeloop het. Hy begelei ons op die pad van herstel en nuut word. Sy storie van vryheid en lewe is nou ons s'n ook.

[Goeie Nuus deur Stephan Joubert [www.ekerk.org](http://www.ekerk.org)]

## *Kuurgroete tot volgende keer*

[2019-05-12]



Skandeer die **Kraggakamma Gemeente SnapCode** om donasies, maandelikse dankoffers, kollekte en aankope deur middel van **SnapScan** te betaal.  
[www.getsnapscan.com](http://www.getsnapscan.com)